# NASIENRIGLYNE

| EKSAMEN | NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT |
|---|---|
| GRAAD | 12 |
| DATUM | NOVEMBER 2025 |
| VAK | AFRIKAANS HUISTAAL |
| VRAESTEL | 1 |
| PUNTETOTAAL | 70 |
| TYDSDUUR (UUR) | 2 |
| AANTAL BLADSYE | 11 |

SACAI

SOUTH AFRICAN COMPREHENSIVE ASSESSMENT INSTITUTE

SUID-AFRIKAANSE KOMPREHENSIEWE ASSESSERINGSINSTITUUT

| FINAAL GOEDGEKEURDE NASIENRIGLYNE | |
|---|---|
| VERGADERINGSDATUM | 29 JULIE 2025 |
| UMALUSI-MODERATOR | MEV. R. BENCE |
| HOOFNASIENER | |
| INTERNE MODERATOR | |

# AFDELING A: LEESBEGRIP

## VRAAG 1

**Nasien van die leesbegrip:**

- Spel- en taalfoute by eenwoordantwoorde waar die woord in die teks voorkom, word gepenaliseer bv. gras groen (X) grasgroen (✓).

- Spel- en taalfoute in langer antwoorde word nie gepenaliseer nie omdat die klem op begrip lê/val.

- Indien die kandidaat woorde uit ’n ander taal gebruik as die taal waarin die vraestel verskyn, word die vreemde woorde geïgnoreer. Indien die antwoord sonder die vreemde woorde sinvol is, word die kandidaat nie gepenaliseer nie. Indien die vreemde woorde in die antwoord vereis word, word dit aanvaar.

- Vir **oopvrae** word geen punte toegeken vir **JA/NEE / EK STEM SAAM / EK STEM NIE SAAM NIE**. Die rede/motivering moet oorweeg word.

- Vir **WAAR/ONWAAR**- of **FEIT/MENING**-vrae, word geen punte toegeken nie. Die rede/motivering moet oorweeg word.

- Antwoorde wat aanhalings uit die leesstuk verg, word **nie gepenaliseer** indien die aanhalingstekens ontbreek **nie.** Aanhalings moet woordeliks reg wees.

- Waar eenwoordantwoorde gevra word en die kandidaat ’n volsin gee, is dit korrek **mits** die korrekte woord onderstreep of op een of ander wyse uitgelig word.

- Wanneer twee of drie feite/punte vereis word en die kandidaat gee ’n hele reeks, word **slegs** die eerste twee of drie feite/punte nagesien.

- Aanvaar antwoorde in *variante* van Afrikaans, al wyk dit van Standaardafrikaans af.

- By meervoudigekeusevrae word **SOWEL** die letter **AS** die korrekte antwoord wat ten volle uitgeskryf is, korrek aanvaar.

## AFDELING A: LEESBEGRIP

### VRAAG 1

| | ANTWOORDE | PUNT | VLAK |
|---|---|---|---|
| 1.1 | Ek / die leser / die persoon wat die artikel lees. ✓<br>*Enige een* | (1) | 1 |
| 1.2 | **MENING**. Die woord is <u>waarskynlik</u> uit een van die drie tale afgelei. ✓ *Motivering bepaal die punt*. | (1) | 4 |
| 1.3 | Hulle was matrose. / Hulle het op skepe gewerk. ✓ *Enige een* | (1) | 3 |
| 1.4 | Altwee was getatoeëer ✓ en het v.C. geleef. ✓ | (2) | 1 |
| 1.5 | Matrose/gevangenes/uitgeworpenes/dief/dief volgens die wet.<br>✓✓ *Enige twee* | (2) | 3 |
| 1.6 | Dekoratief, ✓ simbolies ✓ of beeldend. ✓ | (3) | 2 |
| 1.7 | Om status ✓ en rang ✓ aan te dui. | (2) | 3 |
| 1.8 | • Om hartseer/verlange te verwerk.<br>• Om die oorledene te onthou.<br>• Om gedurig aan die oorledene herinner te word.<br>• Om sentimentele redes. ✓ *Enige een of soortgelyk* | (1) | 3 |
| 1.9 | ’n (Elektriese) tatoeëermasjien, ✓ ink ✓ en ’n naald. ✓ | (3) | 3 |
| 1.10 | Om te onderskei tussen wie hoog aangeskryf was ✓ en wie ’n politieke gevangene was. ✓ | (2) | 2 |
| 1.11 | Ter wille van identifikasie/identifisering. ✓ *Enige een* | (1) | 2 |
| 1.12 | • Hy was teen tatoeëering gekant.<br>• Hy het nie daarvan gehou nie.<br>• Hy het dit as heidens beskou.<br>• Hy het dit verbied. ✓ *Enige een* | (1) | 3 |
| 1.13 | Tatoeëering/tatoes. ✓ *Enige een* | (1) | 4 |
| 1.14 | Ongesteriliseerde toerusting. ✓ | (1) | 4 |
| 1.15 | Koste en pyn. ✓ *Altwee moet genoem word.* | (1) | 4 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1.16 | **JA**. Ek hou daarvan. / Dit is vir my mooi. / Ek wil nie by my maats "uit voel" nie. / Ek wil "in" wees by my vriende. / Dit is mode. / Dit is my identiteit. / Dit is my bende se kenteken.<br><br>**NEE**. Dit is nie vir my mooi nie. / Ek wil nie tekens/simbole op my liggaam hê nie. / Dit is nie Bybels nie. / Dit is sonde. ✓ *Of soortgelyk* | (1) | 5 |
| 1.17 | Hy is nie getatoeëer nie. / Hy lyk nie soos hulle nie. / Hy is ’n uitsondering. ✓ *Enige een of soortgelyk* | (1) | 1 |
| 1.18 | Sy arms is reeds getatoeëer en nou wil hy nog arms vir meer tatoes hê. ✓ | (1) | 3 |
| 1.19 | Hy dink aan sy vorige meisies wie se name op sy arm getatoeëer is. ✓ | (1) | 4 |
| 1.20 | Hy wil nog tatoes hê / tatoes laat verwyder / laserbehandeling ondergaan. ✓ *Enige een* | (1) | 3 |
| 1.21 | Tatoeëerkunstenaar/s. ✓ *Enige een* | (1) | 1 |
| 1.22 | Laserbehandeling. ✓ | (1) | 2 |
| | | | **TOTAAL AFDELING A: [30]** |

| **Vlakke** | **1** | **2** | **3** | **4** | **5** | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **Punte** | 5 | 7 | 12 | 5 | 1 | 30 |
| **%** | 12 (40%) | | 12 (40%) | 6 (20%) | | 100% |

# AFDELING B: OPSOMMING

## VRAAG 2

### Nasien van die opsomming

- Opskrif/titel: Daar word nie van kandidate verwag om die leesstuk van 'n opskrif/titel te voorsien nie.
- Kandidate moet die opsomming in hulle eie sinne, in 'n logiese volgorde, skryf.
- Slegs feite wat in volsinne aangebied word, verdien punte.
- Rofwerk/beplanning moet duidelik aangedui word. Indien dit nie die geval is nie, word die eerste opsomming nagesien.
- Kandidate moet die korrekte getal woorde aandui.

Punte word soos volg toegeken:

✓ **7** punte vir 7 feite (een punt per feit)

✓ **3** punte vir taal

✓ Puntetotaal: **10**

Verspreiding van punte vir taal as die kandidaat **<u>nie</u>** woordeliks aangehaal het nie.

✓ **1–3** feite korrek: ken **1** punt toe.

✓ **4–5** feite korrek: ken **2** punte toe.

✓ **6–7** feite korrek: ken **3** punte toe.

Verspreiding van punte vir taal as die kandidaat <u>woordeliks</u> <u>aangehaal</u> het:

✓ **6–7** aanhalings: ken **geen** punt vir taal toe nie.

✓ **4–5** aanhalings: ken 'n maksimum van **1** punt vir taal toe.

✓ **2–3** aanhalings: ken 'n maksimum van **2** punte vir taal toe.

- Indien die formaat verkeerd aangebied word, moet die antwoord steeds nagesien word. Die kandidaat verdien geen punt vir TAAL nie.

- Nasieners moet die woorde van die opsomming tel.
- Geen punte word afgetrek as die kandidaat nie die getal woorde aangedui het nie of as die getal woorde wat gebruik is, verkeerd aangedui is.
- Indien die kandidaat die vereiste getal woorde oorskry het, word die sin, waarin die 90 aanbevole getal woorde bereik is, klaar gelees en die res van die opsomming word geïgnoreer.
- ’n Korter opsomming wat die vereiste feite bevat, mag nie gepenaliseer word nie.

| **Vlakke** | **1** | **2** | **3** | **4** | **5** | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **Punte** | 4 | | 4 | | 2 | 10 |
| **%** | 4 (40%) | | 4 (40%) | 2 (20%) | | 100% |

**MOONTLIKE PARAGRAAF**

**PARAGRAAFVORM**

Om gewig te verloor is dit noodsaaklik dat jy jou liggaamstipe identifiseer. ✓ Maak seker dat jy jou metabolisme verstaan. ✓ Drink meer water deur alle suikerhoudende drankies met water te vervang. ✓ Vermy die gebruik van hysbakke na die boonste verdiepings deur eerder trappe te klim. ✓ Koop verkieslik gesonde produkte soos vrugte en groente in die supermark. ✓ Soek mense wat jou kan ondersteun sodat jy altyd gemotiveerd kan bly. ✓ Vermy alle dieetpille wat jou in elk geval nie altyd gaan help om gewig te verloor nie. ✓

[84 woorde]

| **FEITE: DIREKTE AANHALING** | | **FEITE: EIE WOORDE** | |
|---|---|---|---|
| 1 | Dit is belangrik om jou liggaamstipe te identifiseer wanneer jy gewig wil verloor. | 1 | Om gewig te verloor is dit noodsaaklik dat jy jou liggaamstipe identifiseer. ✓ |
| | | | |
| 2 | Aansluitend hierby is dit noodsaaklik dat jy jou metabolisme moet verstaan. | 2 | Maak seker dat jy jou metabolisme verstaan. ✓ |
| | | | |
| 3 | Om gewig te verloor, kan jy begin deur suikerhoudende drankies met water te vervang. | 3 | Drink meer water deur alle suikerhoudende drankies met water te vervang. ✓ |
| | | | |
| 4 | Is die trappe nie ’n baie beter keuse nie? | 4 | Vermy die gebruik van hysbakke na die boonste verdiepings deur eerder trappe te klim. ✓ |
| | | | |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 5 | En terwyl jy in die supermark rondstap, koop vrugte en groente. | 5 | Koop verkieslik gesonde produkte soos vrugte en groente in die supermark. ✓ |
| | | | |
| 6 | Soek vir jou 'n ondersteuningsgroep wat jou kan help om gemotiveerd te bly. | 6 | Soek mense wat jou kan ondersteun sodat jy altyd gemotiveerd kan bly. ✓ |
| | | | |
| 7 | Bly tog weg van dieetpille wat onrealistiese resultate beloof. | 7 | Vermy alle dieetpille wat jou in elk geval nie altyd gaan help om gewig te verloor nie. ✓ |

[84 woorde]

**TOTAAL AFDELING B: [10]**

# AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES

## NASIEN VAN AFDELING C

- Spelling
  - Eenwoordantwoorde moet as korrek nagesien word, al is die spelling verkeerd (behalwe as dit die betekenis van die woord verander of as dit juis oor spelling handel, bv. ’n intensiewe vorm).
  - By antwoorde waar daar ’n volsin gevra word, moet verkeerde spelling as verkeerd nagesien word, indien die fout wat die kandidaat moet korrigeer in die taalstruktuur is wat getoets word.
  - Indien ’n afkorting getoets word, moet die spelling korrek wees.
- Sinstrukture moet grammatikaal korrek wees en in volsinne aangebied word soos deur instruksies gevra.
- By meervoudigekeuseantwoorde kan beide die letter of die woord gegee word.

# AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES

## VRAAG 3: ADVERTENSIE

### TEKS D

| | ANTWOORDE | PUNT | VLAK |
|---|---|---|---|
| 3.1.1 | In 'n tydskrif. ✓ | (1) | 3 |
| 3.1.2 | Die naam van die tydskrif staan in die bronverwysing. / Die tydskrif se naam is *Weg!* ✓ *Enige een* | (1) | 3 |
| 3.2 | Die Karoo. ✓ | (1) | 1 |
| 3.3 | Mense wat nie van kamp/toer/reis/die Karoo hou nie. ✓ *Enige een of soortgelyk* | (1) | 3 |
| 3.4 | Daar is geen visuele beelde van wat in die advertensie geadverteer word nie, byvoorbeeld behuising/kos/bed en beddegoed. / Die lettertipe is eenvoudig/eentonig. ✓ *Enige een of soortgelyk* | (1) | 4 |
| 3.5.1 | Dit word nie voorsien nie. / Dit is jou eie goed. ✓ *Enige een* | (1) | 4 |
| 3.5.2 | Ingeslote. ✓ | (1) | 3 |
| 3.6 | Elke woord is 'n stam/basisvorm op sy eie. / Daar kom vier basisvorme in die woord voor. / Daar is geen pre- of postmorfeme nie. ✓ *Enige een* | (1) | 3 |
| 3.7. | By/aapstert ✓ *Enige een* (*"At"* = **X**) | (1) | 4 |
| 3.8 | Die opskrif is voldoende/duidelik/treffend. Die opskrif kon in 'n groter skrifgrootte wees / kon in 'n meer sierlike skrif geskryf gewees het. / Die 9 en die 8 kon uitgeskryf gewees het. / Die opskrif kon meer inligting bevat het. *Enige een of soortgelyk* | (1) | 3 |
| | | | **[10]** |

## VRAAG 4: STROKIESPRENT

### TEKS E

| | ANTWOORDE | PUNT | VLAK |
|---|---|---|---|
| 4.1.1 | Die (opskrif in / voorblad van) die koerantberig. ✓ | (1) | 1 |
| 4.1.2 | Pa, is ek volgens dié al lankal volleerd? ✓ (Vraagteken moet daar wees.) | (1) | 1 |
| 4.2 | Daar lê 'n houer/bakkie met halfgeëte kos op die tafel. ✓ *Of soortgelyk* | (1) | 3 |
| 4.3.1 | Altwee lyk moedeloos/ontsteld/bekommerd/bedruk/teleurgesteld. ✓ *Enige een of soortgelyk* (Kwaad/geïrriteerd/woedend/vies = X) | (1) | 4 |
| 4.3.2 | Vrolik/ontspanne/geen bekommernis nie/traak-my-nie-agtig/ongeërg/onverskillig/nonchalant ✓ *Enige een of soortgelyk* | (1) | 4 |
| 4.4 | • Sy kamer is deurmekaar/baie slordig/onnet.<br>• Daar is geen orde nie.<br>• Goed lê rond. ✓ *Enige een of soortgelyk* | (1) | 3 |
| 4.5 | Staatsamptenare met hoë/belangrike poste. ✓ | (1) | 3 |
| 4.6 | Haar seun lees nooit nie. / Hy lees baie min. / Hy hou nie van lees nie. / Hy wil nie lees nie. ✓ *Enige een of soortgelyk* | (1) | 5 |
| 4.7 | Wiskunde/Wiskundige Geletterdheid/Tegniese Wiskunde/Alpha Wiskunde. ✓ *Enige een* | (1) | 2 |
| 4.8 | **NEE**. Hy speel speletjies op die rekenaar. / Sy hele houding getuig van laksheid/luiheid. ✓ *Enige een. Motivering bepaal die punt*. | (1) | 3 |
| | | | **[10]** |

## VRAAG 5: PROSA

## TEKS F

| | ANTWOORDE | PUNT | VLAK |
|---|---|---|---|
| 5.1.1 | Beer. ✓ | (1) | 2 |
| 5.1.2 | Sog. ✓ | (1) | 2 |
| 5.2 | Angolese. ✓ (Angolese moet reg gespel wees.) | (1) | 2 |
| 5.3 | (Aanwysende) voornaamwoord.✓ | (1) | 2 |
| 5.4.1 | Transaksionele. ✓ (Spelling tel.) | (1) | 1 |
| 5.4.2 | Tran-sak-si-o-ne-le **OF** Tran/sak/si/o/ne/le. ✓ *Enige een* | (1) | 1 |
| 5.5 | **JA**.<br>Die woord is korrek/reg gespel. / Dit moet een woord wees. / As die woord "teel" met 'n deelteken gespel word (teël), verander die betekenis – teëls word gebruik om 'n huis te teël. ✓ | (1) | 3 |
| 5.6 | Mpy./mpy./my. ✓ (Punt [.] ná die afkorting moet daar wees.)<br>*Enige een* | (1) | 2 |
| 5.7 | Parentese/inlassin/invoegsin/byvoeglike bysin. ✓ *Enige een* | (1) | 3 |
| 5.8 | Hy/sy het hoepel- of bakbene. ✓ | (1) | 1 |
| | **TOTAAL AFDELING C: [30]** | | |
| | **GROOTTOTAAL: [70]** | | |

| Vlakke | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **Punte** | 6 | 6 | 12 | 5 | 1 | 30 |
| **%** | **12 (40%)** | | **12 (40%)** | **6 (20%)** | | **100** |

| Vlakke | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **Afdeling A** | 5 | 7 | 12 | 5 | 1 | **30** |
| **Afdeling B** | 4 | | 4 | | 2 | **10** |
| **Afdeling C** | 6 | 6 | 12 | 5 | 1 | **30** |
| **Totaal** | **15** | **13** | **28** | **10** | **4** | **70** |
| **%** | **28 (40%)** | | **28 (40%)** | **14 (20%)** | | **100%** |

© SACAI KOPIEREG

Einde van dokument